# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**5 Maart 2023**


## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat:


- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**
**Afkondigings**
**Stilte**



**Erediens:**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 89-1:1,3 en Skrifberyming 18-1:1,2,3
**Geloofsbelydenis:** Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 8
**Sing:** *Ek bely God Drie-enig*
**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40
**Gebed**



**Skriflesing:** 2 Korintiërs 1:12-24
**Sing:** Psalm 105-1:5
**Fokus:** 2 Korintiërs 1:20 en Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 129
**Preek:**

**Tema:** *Ons amen berus op God se ja in Christus.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 1-2:1,3
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3





**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: GKSA Sustentasiefonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 8
12 Maart: Wyk 9
19 Maart: Wyk 10



**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**
Almal is welkom om na afloop van die erediens tee/koffie te drink. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**DIE "AMEN" VAN DIE GEMEENTE:**
Die "amen" na die preek is nie die "amen" van die prediker nie, maar die "amen" van die gemeente waarmee die boodskap so toegeëien word dat dit nou die preek van die gemeente word.
Die gebed in die samekoms is die gemeente se gebed. In die samekoms is die gemeente 'n gemeenskap van bidders. 'n Uiters belangrike voorvereiste vir verenig-wees-in-gebed is opregtheid van sowel die voorbidder as die saambidders. Die saambid kan grootliks versterk word as die woord "amen" in die regte lig gesien word. In die Ou-Testamentiese, Sinagogale en die Nuwe-Testamentiese liturgieë is die "amen" 'n handeling van die gemeente en nie van die voorganger nie. In die Middeleeue word die "amen" van die gemeente weggeneem, maar die Reformatore het die aktiwiteit van die gemeente herstel, maar die "amen" is nie op alle plekke aan die gemeente teruggegee nie. Met die "amen" word die inhoud van die gebed amptelik deur elke bidder as sy of haar eie toegeëien.
Die "amen" van die gemeente is baie belangrik by die bevestiging van die geloofsbelydenis. Omdat gemeentes meestal nie die geloofsbelydenis almal saam hardop bely nie, is die bevestiging deur die "amen" aan die einde daarvan van die grootste belang.
Die "amen" aan die einde van handelinge soos die prediking, gebede en geloofsbelydenis is die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging. Dit is die vasgryp aan wat God in sy verbond beloof en die bevestiging van wat bely en gebid is (vgl. Kategismus, Sondag 52).
*Geneem uit: Rapport van Studiedeputate oor hersiening van liturgie wat voor Sinode 1997 gedien het (Handelinge, Sinode 1997, p. 759-760: 9.2.1).*

**GEBEDSHOUDING:**
Sinodes het besluit om die gebedshouding aan die vryheid van die kerke oor te laat. By die oorweging van die gebedshouding deur die kerke moet die volgende in aanmerking geneem word: In die Nuwe Testament word nêrens ’n gebedshouding voorgeskryf nie. Die aard van die gebed bepaal die gebedshouding. Omdat ons kerkgeboue nie ingerig is daarvoor dat lidmate kan kniel nie, sou die ootmoedige houding van sit by skuldbelydenis en die epilese-gebed ’n bepaalde uitdrukking van liggaamstaal wees.
Na die Reformasie was daar in die plekke van aanbidding slegs enkele los stoele en die mans het die hele diens deur gestaan. In die tyd van Voetius het die vroue ook staande saam met die mans aanbid. Die praktyk dat vroue in die koue Europa voetstoeltjies met kole saamgebring het en daarom nooit in die diens kon opstaan nie, het skynbaar die begin van die gebruik gevestig dat mans onder die gebed moet staan en vroue moet sit. Die gebruik is versterk deur die Puriteine se invloed wat onderskeid tussen man en vroue se gebedshouding gemaak het op ’n beroep (ten onregte) op 1 Kor 11:7,8. Die enigste maatstaf is dat daar in geen ander liturgiese handeling onderskeid in liggaamshouding gemaak word tussen mans en vroue nie. Dit is nie Skriftuurlik te verantwoord dat mans en vroue verskillende gebedshoudings inneem nie. Die gebedshouding is egter nie ’n beginsel nie en bejaarde lidmate of lidmate wat nie maklik kan staan nie, hoef nie te staan nie. Hulle innerlike houding teenoor die Here is deurslaggewend. Die mees verkieslike is dat die hele gemeente dieselfde gebedshouding inneem.
*Geneem uit: Rapport van Studiedeputate oor hersiening van liturgie wat voor Sinode 1997 gedien het (Handelinge, Sinode 1997, p. 761-762: 9.2.2.1.8)*
Die Sinode van 1997 het van hierdie deel van die rapport kennis geneem en uiteindelik die volgende besluit geneem: “Die liggaamshouding behoort te pas by die liturgiese betekenis en wese van die gebed en altyd eerbied te betoon in die wete dat die Drie-enige God aangeroep word. Die gebedshouding van die hele gemeente word aan die vryheid van die kerkraad oorgelaat.” (Handelinge, Sinode 1997, p. 763: 9.2.2.2.4)



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 11 Maart 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 5 Maart | Rita Fourie | 071 355 5237 |
| 6 Maart | Ruan van Niekerk | 082 719 1031 |
| 9 Maart | Riël Schepers | 082 338 3493 |
| 11 Maart | Neels du Plessis | 083 381 6277 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons vra steeds voorbidding vir sr. René van der Walt (083 309 9519) wat nou al lank in Bloemfontein Medi-Clinic is. Ons vra ook voorbidding vir haar man, br. Wallie (083 635 3727).
- Br. Flip Kotze (083 388 0249) sterk tuis aan, nadat hy 'n voetoperasie ondergaan het. Ons bid hom sterkte toe vir die herstelproses wat voorlê.
- Br. Piet van der Linde (073 225 4632) sterk ook tuis aan, nadat ervaar hy 'n operasie ondergaan om om sy galblaas te verwyder. Ons bid hom 'n spoedige en volkome herstel toe.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)
Attes Skriba:
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Epos:** gkwelkom@telkomsa.net

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

**Die liefde wat ons weggee, is die enigste liefde wat ons behou.** ~ *Moeder Theresa*